




Hekel 'n Bikini

TWEEKLEUR BIKINI

BENODIGDHEDE: Tridalia-hekelgaring Nr. 5, 2 bolle van kleur A, 1 bol van kleur B; hekelpen van 2 mm.

SPANNING: 36 ste = 18 patroontjies en 24 rye = 10 cm.

AFKORTINGS: ks - kettingsteek; kb - kortbeen; okb - onafgewerkte kortbeen, d.w.s. die laaste lus is nog nie deurgetrek nie; lb - langbeen; tes - tesame; vërmëer - vermeerder; vermin - verminder; beg - begin; weersk - weerskante; grh - garing rondom hekelpen; sp(s) - spasie(s); vlg - volgende; pat - patroon.

Spesiale aanwysings: Beg met soveel kettingsteke as patroon aangee.

Basisry: 1 okb in 3e ks vanaf hekelpen, 1 okb in vlg ks, grh en trek pen deur al drie lusse, 1 ks, *(1 okb in vlg ks) 2 keer, grh en trek pen deur al drie lusse, 1 ks*; eindig met 1 kb in dieselfde sp, draai met 1 ks.

Patroonsteek: 1 okb in 1-ks-sp, 1 okb in vlg 1-ks-sp, grh en trek pen deur 3 lusse, 1 ks, *1 okb in dieselfde 1-ks-sp as vorige kb, 1 okb in vlg 1-ks-sp, grh en trek pen deur 3 lusse, 1 ks*, eindig ry met 1 kb in dieselfde sp, draai met 1 ks. Om aan beg van ry te vermeer: draai met 2 ks i.p.v. 1 ks.

Aan einde van daaropvlg ry werk pat in 2-ks-sp.

Om aan einde van ry te vermeer: pat-st in 2-draai-ks van vorige ry, (1 ks, 1 kb in dieselfde sp) 2 keer.

BROEKIE: Beg met 16 ks en hekel agterpant in patroon, vermeer 1 st aan beg van elke ry tot daar 76 ste is — 34 pat-rye. Knip draad af. Steek hekelpen in die beginry en hekel nou voorkant, vermin 1 st aan weersk 2 keer.

Hekel voort op dié 12 ste vir 16 rye, vermeer dan 1 st aan weersk van elke ry tot voorkant so lank soos agterkant is. Hekel 25 ks aan einde van vlg ry. Hekel dan kb oor boonste rand van agterpant, en hekel weer 25 ks. Heg dit aan ander kant van voorpant vas. Hekel nou 3 rye kb oor hele rondte, maar wissel die kleure af donker, lig, donker, om broekie af te werk.


Vou na verkeerde kant om, werk vas om 'n buis te vorm en ryg rek deur buis.

BOSTUK: Begin met 18 ks en hekel heen en weer in pat-st. Wanneer 'n vierkant gevorm is moet in pat voortgehekel word oor een syrand — 36 ste — en dan heen en weer oor dié ste om een keël te vorm en hekel tot dit die regte grootte is — ongeveer 28 rye. Eindig met 3 rye kb in afwisselende kleure.

Hekel tweede keël op dieselfde manier, en alle bandjies met kb oor kettingsteekkoorde van verlangde lengte.

WIT BIKINI

BENODIGDHEDE: Ongeveer 500 g ongebleikte handwerkkatoen (of vadoekkatoen);



een paar elk breinaalde van 4 mm en 5 mm; hekelpen van 3 mm.

MATE: Om borsmaat van ongeveer 81 cm te pas.

AFKORTINGS: r - brei regs; aw - brei aweregs; ks - koussteek (= een ry regs, een ry aweregs); rif - riffelsteek (= een regs, een aweregs tot einde); kb - kortbeen; krap-st - krapsteek (= kortbeen van links na regs); RK - regte kant; VK - verkeerde kant; weersk - weerskante; herh - herhaal; alt - alternatiewe.

BOSTUK

VOORPANT: Met 4-mm-breinaalde stel 68 ste op en brei 12 rye rif.

Slaan oor na 5-mm-breinaalde en brei soos volg: r3, aw1, r2, aw1, r2, aw1, r2, aw1, r tot einde van ry.

Aan RK van werk en oor die r2-ste brei 'n kabel wat elke 4e ry gedraai word, **terselfdertyd** moet die patroon in elke alt ry een steek na links verskuif word, om dit na links te laat oorhel.

VAN BLADSY 91

Brei voort tot 60e ry voltooi is.

Mousgatvorming: Heg 3 ste af aan beg van vlg 3 rye, vermin daarna 1 st aan weersk van elke alt ry 5 keer, daarna 1 st elke 8e ry, 2 keer, maar slegs aan regterkant.

Halsvorming: Verdeel ste in 2 gelyke dele, brei op die linkerdeel voort soos gestel, maar op regterdeel word 1 st elke alt ry 13 keer vermin.

AGTERPANT: Soos voorpant, maar sonder patroon en sonder V-hals.

BIKINI-BROEKIE

Begin by kruis en stel 10 ste op met 4-mm-breinaalde.

Brei 14 rye pat (d.w.s. aw 1, r 2, aw 1, r 2, aw 1, r 2, aw 1) en onthou om elke 4e ry die kabel op die r2-ste te draai.

Brei voort, laat patroon na links oorhel en vermeer 2 ste aan RK van werk aan begin en einde van die deel wat ks gebrei word (begin met 2 ste, dan 4 ste, dan 6 ste).

Heg af in 16 stappe.

Tel die ste by kruis op en vermeer 1 st aan weersk van elke alt ry 22 keer. Heg af.

Werk broekie met 1 ry kb af en hekel daarna die koordjies.

BIKINI-BOSTUK

Stel 23 ste op en brei die eerste 10 ste in pat en oorbl 13 ste ks.

Brei 14 rye, slaan oor na pat, vermeer 1 st aan ks-kant elke ry tot slegs 10 pat-ste oorbly.

Brei tweede keël op dieselfde manier, maar brei 13 ste ks en 10 st pat. Werk af met

1 ry kb rondom.


Hekel skouerbandjies en werk dit aan bostuk vas.

BIKINI MET BLOMMOTIEF

BENODIGDHEDE: Nr.-5-garing, 100 g hoofkleur (H) en 50 g kontraskleur (K), paar stukke donkerder kontraskleur; hekelpen van 2,50 mm of om verlangde spanning te verkry; breinaalde van 2,50 mm; rekgaring.

SPANNING: 29 ste en 38 rye = 10 x 10 cm.

AFKORTINGS: r - brei regs; aw - brei aweregs; ks - koussteek = een ry regs, een ry aweregs; kb - kortbeen; krap-st - krapsteek = kortbeen van links na regs; duplikaatsteek is 'n borduurstek wat oof koussteek geborduur word; RK - regte kant; VK - verkeerde kant; weersk - weerskante; herh - herhaal.



□ — hoofkleur ■ — kontraskleur
◐ — donkerder kontraskleur.

BIKINI-BROEKIE: Dit word aaneen gebrei en begin aan voorkant.

Met H en 2,50-mm-breinaalde stel 69 ste op en brei 4 rye ks.

Vlg ry: aw aan RK van werk om vou vir

rekkebare soom te vorm. Brei daarna nog 3 rye ks.

Brei voort in ks en vermin 1 st aan weersk van elke alt ry 27 keer — 15 ste bly oor.

Brei 20 rye op dié 15 ste sonder vermin om kruis te vorm.

Vlg 10 rye: Vermeer 1 st aan weersk in elke ry.

Vermeer daarna 1 st aan weersk in elke alt ry, 35 keer.

Brei nou 4 rye sonder vermin.

Brei weer 'n aw-ry aan RK van werk om vou vir rekkebare soom te vorm. Brei 1 ry aw en nog 4 rye ks. Heg af.

BIKINI-BOSTUK (2): Met H en 2,50-mm-breinaalde stel 44 ste op en brei 4 rye ks. Brei nou 1 ry aw aan RK van werk om vou vir soom te vorm. Brei nog 5 rye ks. Brei voort in ks en vermin 1 st aan weersk in elke alt ry tot alle ste afgewerk is.

AFWERKING: Borduur motief in duplikaatsteek op albei keëls en herh motief 4 keer, versprei oor een keël. Sorg dat motiewe op 2e keël ooreenstem met dié op 1e keël.

Borduur dieselfde motief ook op broekie. Vou some na VK om en werk vas. Laat 'n opening om rek deur te ryg.

Werk met rekgaring oor broekspype van broekie en werk uiteinde vas.

Hekel 'n ry kb en dan 'n ry krap-st oor dieselfde rande om rekgaring te bedek. Werk laastens die skuins kante van bostuk op dieselfde manier af.

Hekel die koorde in kontraskleur — een van 130 cm lank om deur keëls geryg te word om bandjies te vorm, die ander koord 120 cm lank om deur bokant van broekie geryg te word en twee koorde van 80 cm lank vir skouerbandjies.

Fantastiese nuwe Sauna-klere vanuit Duitsland wys jou

HOE OM SLANK EN FIETS TE LYK

op daardie deel van jou lyf waar jy wil — sonder streng hongerlykursusse of veeleisende oefeninge.

Met D.I. Sauna-klere se vier verskillende modelle is dit moontlik om aandag te skenk aan daardie deel van jou figuur waar jy slank wil lyk! Dit werk binne rekordtyd, op 'n gesonde manier (soos 'n sauna) en sonder komplikasies.

Jy sal beter voel . . . en beter lyk waar jy wil. Die spesiaal-ontwerpte materiaal veroorsaak dat jou liggaam die sauna-effek ervaar (sweat) wat gewone liggaamfunksies aktief maak en oortollige vet en water van die weefsels suiwer. Die resultaat is 'n splinternuwe jy, vrolik dag na dag. Dra dit 1-2 uur per dag, of selfs terwyl jy slaap. Gewaarborg om onskadelik te wees. Volle waarborg teen verjaardigingsfoute of materiaal foute. Omruiling is ongelukkig nie moontlik nie as gevolg van higiëniese redes.

Bespaar Tyd: Werk terwyl jy slaap — op die deel van jou liggaam waaraan jy aandag wil skenk.

Geen Vasgestelde Tydtafel nie: Dra dit gedurende die dag of terwyl jy slaap — geen lastige afsprake om na te kom nie.

Vir die beste resultaat! 'n Dieetplan wat maklik is om te volg en saamgestel is deur Die S.A. Voedingvereniging sal ingesluit word by elke bestelling.

Altijd Beschikbaar: Neem die Sauna-klere saam waar jy ook al gaan. Neem dit saam op reis.

Die D.I. Sauna-klere werk regtig . . . dis die ware manier om te verslank. Meer as 20 jaar beproef. Jou liggaam werk nie slegs om energie te vernuut terwyl jy slaap nie, maar die Sauna-klere werk op jou liggaam terwyl jy slaap.

Verkrygbaar in 5 groottes: 32/34, 36/38, 40/42, 44/46, 48/50.

SOUTHERN MAIL ORDER SERVICE
POSBUS 17200, GROENKLOOF 0027, PRETORIA.
(Herbert Bakerstraat 118, Groenkloof, Pretoria)

KOEPON (Pos aan Posbus 17200, Groenkloof 0027, Pretoria)

JAI Ek wil graag op my beste lyk. Dis tyd vir my liggaam om te ontwaak. Stuur my asseblief die items hieronder aangedui. (VKB ingesluit)

- ☐ Model A: vir bolyf en bo-arms R18,50
- ☐ Model B: vir middellyf, heupe en boude R19,90
- ☐ Model D: vir middellyf, heupe, bobene tot by kniee R19,90
- ☐ Model E: vir heupe, bobene en bene tot by enkels R19,90
- ☐ Models A + D of A + E: kombinasie vir die hele lyf. Slegs R35,00
- ☐ Vit. E Room: versorg na behandeling R 8,25

Sluit asseblief R1,75 in vir posgeld, hantering en verpakking. Ingeslote is: My tjek/posorder/kontant. Vir K.B.A. stuur asseblief R4,00 deposito. 'n Bykomende bedrag van R1,50 sal met K.B.A.-aflewering gehel word.

Grootte Naam

Adres

Poskode RR 7/10/81

OOK VIR MANS!



MODEL A

MODEL D